Lêer Verw: 15/3/3-8/Erf_967

Navrae:
A. de Jager

2 Desember 2021

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

**Per hand**

Geagte Meneer

**VERLENGING VAN GOEDKEURINGSPERIODE: HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 967, MALMESBURY**

U aansoek, met verwysingsnomme #11961, gedateer 25 November 2021, namens A. Coetzee en rakende die onderwerp, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2021), word die aansoek om verlenging van die goedkeuringsperiode vir die hersonering en afwyking op Erf 967, Malmesbury, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

a) Die goedkeuringsperiode verleng word tot 1 Julie 2022, soos in die aansoek voorgehou;
b) Alle goedkeuringsvoorwaardes, oorspronklik in die goedkeuringsbrief van 27 Augustus 2021 opgelê, van krag bly;
c) Die strydigheidsheffing van R275,00 per dag, soos vermeld in skrywe 13/3/3-8/Erf 967 van 10 November 2021, nie meer van toepassing sal wees nie;
d) Die goedkeuring is in terme van artikel 76(2)(w) van die Verordening vir 'n tydperk van 5 jaar geldig. Alle goedkeuringsvoorwaardes voor die datum in 1.(a) nagekom word en indien die eienaar daarin versuim, verdere administatiewe stappe geneem sal word.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

ADJ/ds

*Afskrifte:* *Direkteur: Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur: Finansiële Dienste*
*Boubeheerbeampte*
*E. Stelluto/A. Oosthuizen, Genade Versorging, Langstraat 33, Malmesbury, 7300*